**Donderdag 30 Junie**

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:21**

## Leef voluit as God se kind, want jy het ’n ewige toekoms

As ’n gelowige verguis en verontreg word in die samelewing, voel dit asof die Here jou aan jou eie lot oorgelaat het. Nou kom Petrus die gelowiges in vers 21 bemoedig om voluit as verloste kinders van God te leef, selfs onder die grootste teenkanting, omdat jy ’n ewige toekoms in Christus het.

Jy moenie deur jou vreemdelingskap in hierdie wêreld moedeloos word nie, maar kyk bietjie wat het van Christus geword. Hy is uit die dood opgewek, Hy het opgevaar hemel toe, daar regeer Hy op die oomblik in glans en heerlikheid oor sy kerk, ook oor jou en my en die wêreld wat jou so sleg behandel.

Daarom is jou geloof en hoop op Koning Jesus gerig. Hy sien wat hier op aarde aangaan. Hy weet van al die verontregtings, vernederings en verguisings wat jy ter wille van sy Naam moet deurgaan. Hy kom weer as die Regter om jou vyande te straf en jou in sy heerlikheid te laat deel. Dan sal jy vir ewig by Hom bly. Jy het die heerlikste toekoms. Ek dink dit is juis die Heilige Gees wat hierdie hoop in ons lewendig hou en ons aanmekaar aan hierdie heerlike beloftes van Christus se wederkoms herinner.

Daarvoor moet jy egter getrou as sy kind bly leef. Jy het ’n ewige en wonderlike toekoms; moet dit nie gaan weggooi nie, volhard om as ’n gelowige kind van God te leef. Kind van God, tel jou kop op …

- jou verlossing is ewig beplan,
- jou verlossing ewig voor betaal,
- jou ewige verlossing wag verseker vir jou.

*Sing: Skrifberyming 5-4:5, 6*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*